# EK KLAP VUILBAARD van MY MAN AF

DIS net twee maande gelede dat ek saam met my man, twee seuns en dogter uit die suide van Suidwes na ons plaas in die distrik van Outjo getrek het. Die plaas is onder die nedersettingskema aan ons toegeken deur die Administrasie van Suidwes.

Die nuwe plaas lê in 'n digte boswêreld in 'n streek wat pas vir boere oopgestel is. Ons naaste dorp is Outjo, 150 myl ver, en ons ry vyftig myl na Kamanjab om ons kruideniersware te gaan haal.

Met ons intrek moes ons eers vir 'n woonplek sorg op ons nuwe tuiste. Alles is nog baie primitief, maar die skape aard daar nogal goed. Ons het baie wild — gemsbokke en springbokke en ook sebras met af en toe 'n kameelperd. Leeus kon ons snags hoor brul, maar ons het hulle nooit te sien gekry nie — tot nou die dag nie.

Ons bure is kort tevore deur leeus gepla. Hulle was sonder geweer en in die lig van die kampvuur kon hulle daardie nag vier leeus onderskei teen die donker buite die ligkring. Selfs 'n geraas en die groot vuur het hulle nie laat skrik nie en die klippe wat na hulle gegooi is, is deur leeus geïgnoreer.

Ek het self in Suidwes grootgeword maar van leeus het ek niks geweet nie. Die nuwe omgewing was vir my nog ongewoon, maar met my man en kinders is ons baie gelukkig op ons eie plaas wat ons nou met ons handearbeid moet opbou.

Ná al die leeustories wat die

**Deur**
***Hendrina Els***

bure ons vertel het, was ek seker dat ons ook vroeër of later 'n ondervinding met vuilbaard sou hê. Ek was dus glad nie verbaas toe ons 'n noue ontkoming gehad het nie.

KORT nadat ons van die bure 'n waarskuwing gekry het dat daar leeus in die omtrek is, het my man een oggend omtrent drie-uur wakker geword van die gebrul van leeus. Hy het sy geweer en flitslig gegryp om buite te gaan kyk. Dit het vir my geklink of die leeus baie naby kon wees. Hy het vier leeus by die skaapkraal, net 30 tree van ons huis af, gekry en 'n aant[illegible] kote op hulle gevuur. Hy was [illegible]nder die indruk dat hy een gedood en twee gekwes het.

Hy het eers na die huis teruggekeer en met die eerste daglig gaan ondersoek instel. En het hom met sy ander geweer begelei. Net agter die skaapkraal het ons twee dooie leeuwyfies gekry, maar terwyl ons nog so na hulle staan en kyk, spring 'n ander leeuwyfie net 15 tree van ons af op en sy storm.

My man het verwag dat vuilbaard 'n stukkie sal stilstaan voordat sy aanval, maar hierdie een was sommer meteens op hom sodat hy skaars een skoot kon skiet, wat die leeu 'n vleiswond toegedien het. Toe was die gedierte eers so swaad.

TOE ek weer sien, lê my man onder die leeu en hulle stoei en spook so woes dat ek bang was om te skiet. In my benoudheid het ek my geweer weggegooi en probeer om die leeuwyfie aan die kop van my man af weg te trek. Toe sy haar nie daaraan steur nie, het ek haar teen die kop geklap totdat sy my man gelos en my begin aanval het.

Ek het net gedink dat ek die ongedierte my linkerarm moet bied sodat ek haar met my regterarm kon afweer. My man vertel dat hy nooit sal vergeet hoedat ek met die leeu gestaan en stoei het nie. Ek en die leeu het geval en die onder was op my. Sy het my in die linkerarm en skouer gebyt.


Eindelik het 'n skoot geknal en die leeuwyfie het op my neergesak. My man het toe kans gehad om die geweer teen die leeu se kop af te trek. Hy moes my onder die leeu se karkas uithaal en daarna het ons huis toe gehardloop.

MY kinders wat op 'n afstand alles aanskou het — en veral die jongste enetjie — was erg ontstel toe hulle ons bloedende wonde sien. Ek het probeer om die bytplekke so goed soos moontlik te ontsmet, en daarna het my man na die naaste bure gery om hulle saam met ons na Outjo te neem. Van die naaste telefoon het ons ook die geneesheer op Outjo ontbied, wat ons halfpad ontmoet het.

Ten spyte van 'n inspuiting het ek baie pyn gehad. Ons wonde is in die hospitaal behandel en gelukkig kon my man kort daarna na die plaas terugkeer. Ek het diep bytwonde aan my arm en skouer en 'n lang krap onder my ken opgedoen. Gelukkig het die wonde goed genees en nie baie versweer nie.

Van die vet van die drie leeuwyfies wil ek seep kook, want die mense hierlangs vertel dat dit 'n pragtige wit seep maak. Die velle sal ons as aandenking hou en die vel van die onder

Volg op volgende blad.



Mev. Hendrina Els in die hospitaal op Outjo saam met 'n verpleegster afgeneem. In hierdie hospitaal het sy as vreemdeling vir die eerste keer inwoners van Outjo ontmoet wat haar kom gelukwens het. Nou voel sy al tuis op die dorp.